WEEK 2 - HERHALINGS VAN BERIGTE/INLIGTING IN 'N VORIGE VRYPOS

ALGEMENE INLIGTING

Jaarboek 2019 Bestelvorm: **Gemeentes/belangstellendes moet asseblief kennis neem** dat ***julle sélf verantwoordelik is om die Jaarboek 2019 by Bybel-Media Handel te bestel*** - klik **hier** vir die bestelvorm. Die Jaarboek van die NG Kerke 2019, verskaf al langer as 160 jaar belangrike inligting oor die NG Kerkfamilie aan predikante, kerkkantore en lidmate.

GEMEENTENUUS

NG Heuwelsig:

MANNE-GEBEDSBEDIENING VAN NG HEUWELSIG



BIED AAN:

"Dink jouself gelukkig ... jy kan floreer!"

Aanbieder: **Dr Pieter van Jaarsveld**
(Skrywer van topverkoper, "Hart van 'n wenner")

Datum: Saterdag 9 Februarie 2019
Tyd: 9:00 - 12:00
Plek: NG Kerk Heuwelsig (Gilles van de Wallstraat 17, Dan Pienaar
Toegang: Gratis (Kollekte sal opgeneem word)
Kontakpersoon: Fanie, 076 123 1542

NG Oranjeville se Eeufeesvieringe:

NG Langenhovenpark - Beginnersklasse in Sesotho: Dié gewilde kursus word weer in 2019 aangebied. Dit strek oor 28 weke en die totale koste beloop R2 000 pp. Die kursus **begin DV Donderdag 21 Februarie 2019 om 18:00** en vind in die Gemeentesentrum van die NG Kerk Langenhovenpark plaas (in die Kleinkerk). ***Registreer asseblief vóór of op Maandag 11 Februarie om 10:00*** - telefonies by 051 446 2225, of per e-pos by ngklhp@mweb.co.za. ***'n Nie-terugbetaalbare deposito van R750 is betaalbaar vóór, of op Maandag 11 Februarie om 10:00.*** **Belangrik** - daar is ***plek vir slegs 25 studente.*** Vir verdere navrae skakel die kantoor by bogenoemde nommer, of vir Riaan Stander op 051 446 1131.

OPLEIDINGSGELEENTHEDE

Klik **hier** vir 'n 2019-Jaarprogram van die Excelsus Sentrum vir Bedieningsontwikkeling se opleidingsgeleenthede.

skop in Februarie af (48 VBO-punte): Die preeklab word in 2019 by die NG Coram Deo Gemeentesentrum in Vereeniging aangebied en **strek oor ses dae (13 - 14 Februarie, 10 - 11 April en 12 - 13 Junie)**. Die koste daaraan verbonde, beloop R1 500 per persoon. Die vraag wat meeste predikante oor die preek laboratorium vra, is: "Is dit 'n kursus oor prediking?" En hierop antwoord dr Floris Knouwds (fasiliteerder van die preeklab) gewoonlik: "Ja en NEE!". Die "nee" is volgens hom vanweë die feit dat die fokus in die preeklab nie op vermeerdering van kennis val nie. Dit is eerder 'n persoonlike groeiproses waarin metodes van *transformational learning* gebruik word om inligting oor effektiewe prediking op die vlak van jou eie menswees en persoon te prosesseer. Hoewel grondige navorsing die basis vir die proses is, word kursusgangers deur 'n verskeidenheid oefeninge begelei om verder met die inligting te werk, dit te hanteer in terme van hulle eie identiteit as predikers en dit in hul persoonlike denkraamwerke te integreer, sodat verskuiwings in hul prediking gebaseer is op persoonlike, innerlike verskuiwings en nie op kennis nie. Meer inligting oor die preeklab is op NG Gemeente Coram Deo se webblad by http://www.coramdeong.com beskikbaar.

Alfa Pastorale Opleiding, Berading- en Gemeenskapsentrum (Gestig 1987): Dié Sentrum bied **vanaf 28 Februarie 2019 tot 31 Maart 2020**, 'n unieke **jaarkursus in pastorale opleiding, berading en gemeenskapsdiens** aan. Die teikengroep is predikante, maatskaplike werkers, studente en enige belangstellende volwassenes. Die kursusinhoud bestaan uit die volgende modules:

- Module 1: Om groen te leef as Christen
- Module 2: Seksualiteit en gender
- Module 3: Leierskap en bestuur van verandering
- Module 4: 'n Gebedsreis en om stil te word
- Module 5: Die 14 verskillende intelligensies
- Module 6: Gesag en dissipline
- Module 7: Depressie en post-traumatiese stres

Status van die kursus: 'n Sertifikaat, geakkrediteer deur Excelsus Sentrum vir Bedieningsontwikkeling van die Fakulteit Teologie, Universiteit van Pretoria (120 x VBO-punte) en geëvalueer en geregistreer deur die *Council for Pastoral and Spiritual Counsellors- CPSC* (20 x CPSC/CPD-punte).

Vir meer inligting, kontak die kursusleiers, of besoek die webwerwe by, www.alfapastoralepraktyk.com en www.zamazamahope4u.com

Kursusleiers: Dr Jan Botha, 012 546 3545 / 076 481 5683, of alfa@help4you.co.za
Dr Retha Kruidenier, 012 329 1352 / 082 413 8462, of retha@geo-logic.co